# APK NUUSBRIEF

**FEBRUARIE 2024**

## BELANGRIKE SAKE OM TE ONTHOU



1. Nominasie van afhanklikes moet telkens opgedateer word met enige veranderinge in jou persoonlike lewensomstandighede. Neem ook kennis dat versekeraars sterfte voordele in jou boedel inbetaal indien jy nie 'n geldige nominasie gemaak het nie.
2. Herbelyning van jou spaar strategie met jou langtermynspaardoelwit: Gebruik die Acravest Toep om jou doelwit te definieer en vordering te monitor.
3. Voortsettingsopsie van lewens- en ongeskiktheidsversekeringsdekking:
   - Aftrede: Indien jy jou lewensdekking wil voortsit na beëindiging van jou dienstydperk met die werkgewer, moet jy die opsie uitoefen voor die verstrykingsouderdom in die lewenspolis, maar nie later nie as ouderdom 65 (In geval van ongeskiktheidsdekking, ouderdom 60).
   - Bedanking: Indien jy jou lewensdekking wil voortsit na beëindiging van jou dienstydperk met die werkgewer, moes jy ten minste 12 maande in diens van u werkgewer gewees het en 'n lid van die versekeringspolis. Die opsie moet uitgeoefen word binne 60 dae vanaf datum van diensbeëindiging.
   - Tree gerus in verbinding met Acravest vir ondersteuning in hierdie verband.

## KORT OORSIG OOR ONTWIKKELINGE IN DIE AFTREEFONDS LANDSKAP



**Wysiging in die Inkomstebelastingwet om aan lede toegang tot 'n gedeelte van hulle aftreefonds belegging te gee, tydens lidmaatskap en voor aftrede:** Ons brei hier verder uit op die tema soos wat nuwe inligting beskikbaar raak. Die wysiging raak die volle toegang wat lede tans het tot opgelope voordele by bedanking uit diens van die werkgewer.

Neem kennis dat die wysging van toepassing is op bydraes tot die aftreefonds vanaf die wysigingsdatum. Opgelope voordele tot en met die wysigingsdatum en opbrengs daarop daarna, word nie geraak nie.

**Die datum van inwerkingtreding van die wysiging is nou vasgestel op 1 September 2024.** Dit word deur die Wetgewer in die vooruitsig gestel om toekomstige bydraes tot 'n aftreefonds te verdeel tussen 'n "besparingspot" (een derde) en 'n "aftreepot" (twee derdes).

Lede kry in terme van die wysiging dan 'n geleentheid om een keer per jaar 'n onttrekking uit die besparingspot te maak (minimum R2 000), terwyl opgelope voordele in die aftreepot slegs beskikbaar sal wees om by aftrede aangewend te word om 'n maandelikse/jaarlikse inkomste tydens aftrede te voorsien.

Dit word verwag dat die wysiging voorsiening gaan maak dat 'n gedeelte van totale opgelope voordele op die inwerkingtredingdatum (10% beperk to R30 000), op datum van inwerkingtreding van die wysiging, na die besparingspot oorgedra mag word, om die besparingspot aanvanklik te befonds.

Daar mag ook voorwaardes gestel word vir onttrekking uit die besparingspot, byvoorbeeld dat daar finansiële uitdagings vir die lid moet bestaan.

Met toegang tot gelde uit die aftreefonds vanuit die besparingspot meganisme, word lede se toegang tot voordele by bedanking uit diens van die werkgewer, uitgefasseer.

## VERANDERINGE AAN DIENSTE EN KOSTES

Inflasie verhogings word jaarliks toegepas op vaste fooie.

## VERANDERING IN BELEGGING STRATEGIE



Daar is deur die APK Waaksaamheidskomitee besluit om die huidige beleggingsbestuurder (Sasfin) te vervang met Old Mutual.


Die besluit is gebaseer daarop dat die Sasfin-bestuurde strategieë oor die afgelope tyd nie na wense presteer het nie. Old Mutual word deur die APK self gebruik en daar is reeds 'n prestasie- en vertrouensverhouding wat oor tyd gevestig is.

Die Waaksaamheidskomitee stel steeds twee strategieë aan lede beskikbaar (nou deur Old Mutual bestuur), naamlik 'n hoë groei strategie en 'n gematigde groei strategie, om aan lede wat so sou verkies, die geleentheid te bied om vanaf ouderdom 55 in 'n minder wisselvallige strategie te belê.

## SELFBESTUUR VAN JOU AFTREEFONDS PROJEK

Verwys na ons vorige publikasie waar hierdie onderwerp behandel is. Vorige publikasies is op die Acravest webblad (https://www.iretire.co.za/newsletters) en die Acravest APP beskikbaar.

## FINANSIËLE MARKTE



Rentekoerse, aangedryf deur hoë inflasie, speel steeds wêreldwyd 'n toonaangewende rol in ekonomiese groei en by implikasie finansiële markte. Daar is egter aanduidings dat die toename-nyging in inflasie wat oor die afgelope paar jaar beleef is, reeds verby die hoogtepunt is en reeds begin afplat. Die waarskynlikheid dat sentrale banke rentekoerse staties sal hou met verlagings in die tweede helfte van 2024, raak toenemend 'n werklikheid.

Alhoewel geo-politiese spanning wêreldwyd histories hoog is, wil dit voorkom asof die wêreld ekonomieë tans die spanning absorbeer, met verwysing na die Europese energie krisis en die verhoging in voedsel- en kunsmis pryse wat uit die Russiese inval in Oekraïne gevolg het. Die konflik in Gaza (Israel en Hamas) is op 'n kritiese punt en kan uitkring na die Midde-Ooste. In Suid Afrika beleef ons ook wat beskou kan word as die begin van die einde van die ANC, met 'n verkiesing wat ook hier in 2024 gaan plaasvind.

Koerantopskrifte soos in die Daily Maverick, toon dat daar meer as 70 lande is wat in 2024 leierskap verkiesings gaan hou, terwyl goeie leiers nie ooglopend sigbaar is nie, saam met die geo-politiese spanning hierbo verwys, herinner ons aan die komplekse omgewing waarbinne beleggingsstrategieë bestuur word.

Verandering en spanning is egter nie net negatief nie en lei baie keer tot positiewe uitkomste. Dit is dus belangrik om beleggingsprestasie oor die langer termyn, eerder as die korter termyn te beoordeel. Die toestande vereis egter besondere vermoëns van beleggingsbestuurders in hulle strewe om hul portefeuljes met waarde skeppende bates te vul.

# FONDS (IRETIRE AFTREEFONDS) JAAREIND VERSLAG

| | |
|---|---|
| Migrasie van die iRetire Pensioen Fonds na die iRetire Aftreefonds (Moontlik gemaak deur die wysigings in die belastingwet, Maart 2021) | Die projek is feitlik afgehandel met die finale 3 deelnemende werkgewers tans in proses van oordrag |
| Verandering in Bates van die Fonds gedurende die Finansiële Jaar | ‘n Positiewe groei van 7.96% in bates, tot ‘n waarde op finansiële jaareinde (31 Augustus 2023) van R1.193bn.<br>Gedurende die jaar het bydraes tot die Fonds R196 595 079 beloop en voordele betalings R142 946 621 |
| Deelnemende werkgewer betaalstate geadministreer, (September 2023) | 320 |
| **Raad van Trustees**<br>Vereiste in terme van die reels van die Fonds:<br>• 5 Trustees waarvan ten minste 3 onafhanklik moet wees<br>• 2 onafhanklike reserwes. | CJ de Jager (Onafhanklike Voorsitter);<br>MP Oni (Onafhanklik);<br>FA Gerber (Onafhanklik);<br>GJ Jansen van Rensburg (Onafhanklik);<br>KB Motsukunyane (Onafhanklik);<br>CJ Potgieter (Nie Onafhanklik) |
| Hoof Beampte | CJ Jansen van Rensburg (Onafhanklik) |


# VERSTEK OPSIES BY AFTREDE EN BEDANKING

**Lewende annuïteit by aftrede:** Die verstek opsie deur die Raad van Trustees aanbeveel, is die Acravest Lewende Annuïteit. Hieronder is meer inligting rakende hierdie uitstekende produk.

By aftrede het ’n lid onder andere die keuse om pensioen ingevolge ’n lewende annuïteit te ontvang. ’n Lewende annuïteit laat die belegger toe om jaarliks ’n vlak van inkomste te kies wat by sy/haar behoeftes pas, onderhewig aan beperkings soos deur die Wetgewer voorgeskryf, naamlik dat ’n minimum van 2.5% van kapitaal belê, jaarliks onttrek moet word, tot ’n maksimum van 17.5%. Die grootte van die beleggingsbedrag speel natuurlik ’n groot rol, en bepaal bekostigbaarheid van die inkomstevlak wat deur die belegger gekies word.

Kostes speel ’n kritiese rol in die waarde van die lewende annuïtiet en het ’n direkte impak op die inkomste wat oor die lang termyn deur die belegger bekostig kan word. Die grafiek hieronder toon dat die administrasie koste van die Acravest Lewende Annuïteit tans die goedkoopste in die mark is. Die belegger het ‘n keuse tussen verskillende beleggingsbestuurders, hieronder aangedui, om hulle kapitaal binne die produk te bestuur.

Kontak gerus die Fonds indien u van hierdie beleggingsopsie gebruik wil maak.




- Alexander Forbes Investments
- Allan Gray Proprietary Limited
- Coronation Fund Managers
- Momentum Investments
- Naviga Investments
- Nedgroup Investments
- Old Mutual Investment Managers
- Prudential Investment Managers
- Sasfin Asset Managers

## VRAE

Vir enige vrae, besoek: www.iretire.co.za/questions

## HET JY ENIGE VOORSTELLE OOR DIE INHOUD WAT JY IN HIERDIE NUUSBRIEF WIL LEES?

Hierdie nuusbrief is geskep om jou as lid te bedien! Ons sien uit na jou insette! Gebruik die volgende kanale:

communication@iretire.co.za (081) 262 8430 complaints@iretire.co.za